

GEMEENSKAPSNUUS

VRYSTAAT VERSORGING WEER IN AKSIE

Ondanks die koue, vier die VVA Heilbron-groep die lente met 'n koppie koffie en Boereworsbroodjie. Hulle was alreeds Woensdag oop en mōre weer met allerhande lekkernye. Indien jy nog nie daar was nie, gaan loer gerus in! Daar is pannekoek, sosaties, worsbroodjies, Rina se vetkoek met maalvleis en Lambert se boerewors te koop teen sakpasprys, alles vir fondsinsameling. Daar is pragtige blom- en groenteplantjies beskikbaar, voortaan elke Woensdag en Saterdag van 09:00 tot 14:00. Hierdie jaar is die VVA in Heilbron reeds 112 jaar besig om 'n verskil te maak. In diens van Barmhartigheid is verskeie gesinne, persone of kindertjies met groot dankbaarheid gevoed, opgelei of bemagtig. Ondanks grendelreëls, het die huidige bestuur steeds bystand gebied sover moontlik. Die VVA bestuur is aansienlik vergroot en verwelkom hulle vir Andries, Marthie en Bertus. Hulle het groot planne op verskeie gebiede en as jy 'n bydrae wil lewer, gaan besoek hulle gerus in Pleinstraat, Heilbron of kontak 'n bestuurslid. Werklose persone of gesinne met voedselnood word ook genooi om 'n draai te kom maak op Woensdae met die oggendsessies. Harde werk is



Op die foto agter vl: Bertus Brunsdon, Jacomien Harmse, Ina Slabbert en Adri van Rensburg. Voor sit: Ellen Marais en Nellie Bierman.



Jacomien en Ina in die groentetuin.

afgehandel en danksy Bertus is die groentuin reeds belowend. Met groot dank aan Bonus Algemene Handelaar wat al die toerusting en tuingereedskap voorsien het vir die projek teen spesiale pryse, asook die Hamper-prys wat geskenk is, dit word baie waardeer. Hierdie prys sal oorhandig word aan die persoon wat teen Oktober die meeste plantjies by die VVA aangekoop het. "Dankie ook aan Fraaihuis Kwekery wat ons reeds jare van brood voorsien het, asook die gebak van Lanie se Bakkery. Dit is dié mense wat dit moontlik maak om aan te hou." Skryf Ellen Marais aan Heilbron Herald. Indien jy jou bydrae wil maak en deel wil wees van die liefdadigheidsprojek en plantjies koop, kontak Bertus by 079 874 9368.



Bertus by die kwekery.

KAMOHELO OUT ON WARNING

L ebohang Suzan (Mempe) Mokoena (23) was brutally shot outside her house in Phiritona the first week of June. The intruder came in the house located in the Lahlamlenze section demanding money and cellphones and attacked family members who tried to take possession of the fire arm. During the struggle a shot went off and the intruder tried to fled the scene. Mempe went after him. As the rumours are spread, she shouted out his name that caused her to be shot and killed instantly. Heilbron Herald spoke on the 20th of August with Motsamai Kheswa that is the spokesperson for the Community Patrol. In the cooperation with the

Welkom SAPS, the suspect was caught on Friday, the 14th of August when he confessed to the murder of Mempe. Kamohelo Molotsi (24) appeared in court 17 August when he then denied being guilty of the murder. The case was postponed until 24 August for bail application. He is facing a charge of malicious damage to property. The prosecutor withdrew the charge of murder because at the moment, there is not enough evidence linking Molotsi to the murder. The state is however, waiting for the DNA results. He is released and out on warning and the case against the accused is again postponed to 7 September 2020 for further investigations.

H ier in Suid-Afrika word Nasionale Boomplantdag in die eerste week van September gevier. Op hierdie dae word bosbou en die waarde van inheemse bome in die algemeen beklemtoon en skoolkinders neem gewoonlik hieraan deel. Dit is die perfekte geleentheid waar jy 'n nuwe boom kan plant, een borg of om voeding en kompos by huidige bome in te werk. AfriForum Heilbron doen dit hierdie jaar 'n bietjie anders en vier die dag saam met Erfenisdag op 24 September 2020 by die Museum. Elkeen word genooi om deel te wees van hierdie Braaidag soos dit genoem word, daar sal vure

**PLANT
EN BRAAI**

voorsien word. Bome word geplant en AfriForum skenk dan ook 'n bonsai-boompie aan die Museum wat hulle sal kan versorg. Finale reëlings sal nog deurgegee word en indien enige iemand 'n bydrae wil maak kan hulle Danie Knoetze kontak by 082 974 0055.